Hoërskool DF Malan

Frans Conradierylaan, Bellville 7530
Tel. (021) 948 8781 • Faks (021) 948 2996
e-pos: info@dfmalan.com
www.dfmalan.com

14 September 2024

Beste Ouers

U het dalk onlangs in mediaberigte gesien dat die applikante, wat ‘n hersieningsaansoek teen die skool se naamsverandering ingedien het, nou toestemming gekry het om teen die geheel van regter Henney se uitspraak te appelleer. Ons stuur hierdie brief om u op hoogte te bring van wat die appèlproses behels.

1. Op 17 Oktober 2023 het die hooggeregshof in Kaapstad, by monde van regter Henney, die applikante se hersieningsaansoek met koste van die hand gewys.

2. Die applikante het daarna aansoek gedoen om verlof om teen die uitspraak te appelleer. Hulle was deels suksesvol, en het verlof gekry om teen een beperkte aspek van regter Henney te appelleer, naamlik die vraag of die beheerliggaam (eintlik enige beheerliggaam) by magte was om ‘n besluit oor die skool se naam te neem.

3. Die applikante het daarna (1) kennis gegee van hul voorneme om met die appèl voort te gaan en (2) daarbenewens ‘n verdere aansoek by die appèlhof ingedien waarin hul verlof versoek het om teen die geheel van die uitspraak te appelleer - dus ook ten opsigte van die redelikheid van die proses wat die beheerliggaam destyds gevolg het en die rasionaliteit van die besluit om die skool se naam te verander; en

4. Dit was in antwoord op die verdere aansoek dat die appèlhof op 20 Augustus 2024 beslis het dat die applikante ook teen die proses en die rasionaliteit van die besluit mag appelleer.

Die uitkoms van bogenoemde is dat die hele saak wat voor die Kaapstad hooggeregshof gedien het, nou deur die appèlhof in Bloemfontein aangehoor sal word. Aangesien die partye nog hul betoogshoofde vir die verdere aspekte moet indien, sal die appèl nie vanjaar plaasvind nie, maar ons hoop dat dit gedurende 2025 sal gebeur.

Die van u wat al met hofsake te doen gehad het, sal weet dat verlof om te appelleer nie beteken dat die appèlhof reeds 'n besluit oor die saak geneem het nie. Die appèlhof het waarskynlik besluit om die hele saak aan te hoor bloot omdat daar nog nooit voorheen in Suid-Afrika 'n hofsaak oor 'n skool se naam aangehoor is nie.

Die applikante sinspeel gereeld daarop dat die beheerliggaam onnodig geld op die hofsaak spandeer, maar hierdie siening van die applikante neem nie in ag dat dit juis húlle was wat die beheerliggaam voor die hof gedaag het nie. Die suggestie dat die beheerliggaam in die lig van ‘n hofsaak sy eie besluite moet laat vaar, is natuurlik nie regverdig nie. Ons wil u as ouers verseker dat die skool se finansies op alle vlakke met groot omsigtigheid hanteer word, ook wat die hofsaak betref. Ons wil u voorts aanmoedig om die begrotingsvergadering van 7 November 2024 by te woon.

Alhoewel die beheerliggaam die applikante se reg respekteer om die appèlproses te volg, is ons teleurgesteld oor die uitgerekte proses wat dit met die skool se naamsverandering veroorsaak. Die oorspronklike besluit om die skool se naam te oorweeg, is reeds deur die beheerliggaam wat van 2018 tot 2021 gedien het, geneem. Die beheerliggaam wat in 2021 verkies is, het hierdie proses onder leiding van dr. Frederik Marais voortgesit en uiteindelik besluit dat die naam DF Malan nie die belangrikste kenmerke van die skool se identiteit weerspieël nie, waarna die naam DF Akademie gekies is. Die nuwe beheerliggaam, wat vroeër vanjaar verkies is, ondersteun die besluite en prosesse van die vorige twee beheerliggame en staan gevolglik die applikante se appèl teë.

Vriendelike groete.

Ferdi Booysen
Beheerliggaam-voorsitter

Tydsverloop van die proses

2018 - 2021

Beheerliggaam van 2018 - 2021.
Proses word begin om naam te oorweeg.

2021

In 2021 word 'n nuwe beheerliggaam verkies.
Proses en konsultasies word verder gevoer met ouers, leerders, personeel en alumni.
Okt. 2021 - Proses word afgehandel en daar word besluit om die naam na DF Akademie te verander.
Des. 2021 - Die hersieningsaansoek word by die Hooggeregshof uitgereik.

2022

Gedurende 2022 duur litigasie voort. Die redelikheid van die proses en of die beheerliggaam die mag het om oor die skool se naam te besluit is van die aspekte waaroor 'n uitspraak deur die applikante versoek word.

2023

Okt. 2023 - Uitspraak word gelewer deur Regter Henney in die Beheerliggaam se guns. Die regter voel dus dat die proses redelik was en dat die beheerliggaam by magte was om oor die skool se naam te besluit.
Nov. 2023 - Applikante doen aansoek om teen die Okt. uitspraak te appelleer. Regter Henney staan op 29 Nov. verlof tot appèl toe op die vraag of 'n beheerliggaam by magte is om oor 'n skool se naam te besluit, en kostes. Verlof word nie toegestaan op die ander aspekte, soos bv. die redelikheid van die proses nie.

2024

In 2024 word 'n nuwe beheerliggaam verkies.
Jun. 2024 - Applikante doen 'n verdere aansoek by die appèlhof om verlof te kry om teen die geheel van die uitspraak van Okt. 2023 te appelleer.
Aug. 2024 - Die appèlhof beslis dat die applikante teen die geheel van die uitspraak mag appelleer. Dit beteken egter nie dat die appèlhof alreeds 'n besluit oor die saak geneem het nie. Die applikante gee kennis dat hulle met die appèl sal voortgaan en ons hoop dat dit in **2025** sal kan geskied.

DEFINISIES

Applikante: **Dit is die persone of party wat 'n aansoek by die hof indien om 'n regsaak te begin of om 'n uitspraak te versoek.**

Litigasie: **Dit verwys na die proses van regsaksie waar partye hul dispuut in 'n hof oplos.**

Verlof tot appèl: **Dit is toestemming wat 'n party van 'n hof benodig om 'n appèl te kan indien teen 'n uitspraak.**

Appèl aanteken: **Dit beteken om 'n hofuitspraak of beslissing te betwis en dit na 'n hoër hof te neem vir heroorweging.**